// WAARHEID EN DWALING

**Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas**

1 Joh. 4:6 "....Hieruit ken ons die Gees van die waarheid en die gees van die dwaling".

Jaargang 3 | Junie 1996 | Vol. 17

# 'n POST-MODERNE KERK?

Deel van die profetiese taak van die kerk is om telkens die dodelike aanslag van die satan uit te wys en teen te staan. Van al die eeue af het die kerk gebuk gegaan onder die een of ander stroming wat dreig om die kerk onder te ploeg. In ons dag is dit ook nie anders nie. Die gedagterigting wat die kerk tans binnekom, word die post-modernisme genoem. Waar ander strominge soos die kommunisme, liberalisme, ensovoorts 'n groter herkenbaarheid vertoon het, is dit redelik moeilik om die post-modernisme te herken en nog moeiliker om dit te keer.

## Glo is twyfel

Die rede hiervoor is dat post-modernisme moeilik 'n definisie kry wat pas. Verder is die huidige Westerse kultuur bykans geheel en al deur post-modernisme gekenmerk. Laasgenoemde veroorsaak dat dit baie moeilik vir die kerk is om dit raak te sien, aangesien post-modernisme ons leefwêreld vorm. Sonder om ingewikkkelde definisies te volg, kan opsommend gesê word dat post-modernisme basies net een geloofbelydenis het, naamlik: Alles moet betwyfel word. Daarin sit die enigste moontlikheid op hoop. 'n Post-modernis sê: ek glo in twyfel, ek glo dat alles verander en dat die enigste konstante ding verandering is. 'n Post-modernis is agterdogtig teenoor enigiets wat die aanspraak maak om die enigste blywende waarheid te wees.

Post-modernisme is verwêreldliking wat die kerke van Jesus Christus bedreig. Hierdie verwêreldliking kom in 'n versluierde vorm, maar kan tog aan bepaalde kenmerke geëien word.

## Min verskil

'n Post-moderne kerk (gemeente) lyk soos volg: Dis 'n kerk wat wil wys hoe min hy met die wêreld verskil. So 'n kerk wil uiters relevant wees in die samelewing. Ten einde dit te bereik, moet twee dinge gedoen word. Ten eerste moet polities korrek opgetree word. Dit is waarom daar vandag kerke is wat vrouens op die kansel toelaat, homoseksualisme nie as 'n gruwel voor God noem nie, 'n groen-teologie het in plaas van 'n Christus-teologie, en wat baie bekommerd is hoe die kerk by die H.O.P.-programme kan inskakel.

## Grootste gemene deler

Ten tweede moet daar klem gelê word op dinge wat mense in gemeen het en nie waaroor mense verskil nie. Dit is 'n kerk wat die grootste gemene deler soek, naamlik die sondige mens self. So 'n kerk sê: "Ons eendersheid lê juis in ons wedersydse andersheid." Dis 'n kerk wat glo dat almal dieselfde is juis omdat ons almal verskil. Vanuit hierdie standpunt word alles in die gemeente vloeibaar en los. Vir almal in die kerk, en vir elkeen se eie siening en mening en sonde, moet daar plek gemaak word.

## Verdra

So 'n kerk wil verdraagsaam wees teenoor alle ander, en allermins aanstoot gee deur op God se eer te let. Daarom kry mens die verskynsel dat die eredienste aangepas word by portuurgroepe se behoeftes. Daar word baie versigtig opgetree om niemand aanstoot te gee nie, selfs nie ander godsdienstige groeperinge nie. So is daar in Nederland al sogenaamde christene wat sê dat dit nie goed is om 'n kerkklok te laat lui nie, want dit maak inbreuk op die reg van die ongelowige op stilte. 'n Post-moderne kerk wil alle verskille onder een dak akkomodeer, en sien homself glad nie meer as uniek in die wêreld nie.

## Demokrasie

So 'n kerk wil homself as 'n mede-rolspeler in die samelewing sien en is baie demokraties ingestel. Dit is 'n kerk wat in getalle belangstel. Sukses word gemeet

### *In hierdie uitgawe:*

* 'n POST-MODERNE KERK?
  A.L.A. Buys .......... 1
* Skrifoordenking:
  GOD OORDEEL DIE SKYNHEILIGE BROER
  Ds. D.J. de Kock .......... 3
* SEKULARISME (Slot)
  Prof. L. Floor .......... 4
* PERSPEKTIEF OP MENSEREGTE
  S.J.M.S. Smit .......... 6
* DIE TAFEL BY DIE NAGMAAL
  Ds. W.M. Snyman .......... 8
* Boekresensie: GOD IN THE WASTELAND
  Prof. D.F. Wells .......... 11

aan hoeveel mense die byeenkomste bywoon, en nie aan die aard en diepte van die erediensgebeure nie. En om dit reg te kry, word na nog 'n gemene deler gesoek - die mens se behoefte aan vermaaklikheid. Die mens van ons tyd wil vergas word, daarom verander die erediens in 'n ontspanne bymekaarkom waar die mense toeskouers word van 'n soort godsdienstige "info-tainment" (information-entertainment). "Marknavorsing" toon ook dat "toorn-van-God-preke" nie 'n behoefte by die klante is nie en hulle word dus sover doenlik vermy.

## Oortuig eerder as verkondig

Aangesien die post-moderne kerk sukses op 'n kapitalistiese manier in terme van getalle najaag, wil so 'n kerk eerder oortuig as verkondig. Die klem word dan meer gestel op watter voordele dit het om God te dien (wat kan God vir jou doen wat ander nie kan doen nie), en daar word meegeding teen ander godsdienste vir getalle.

## Voorkoms

'n Post-moderne kerk is meer bekommerd oor hoe hy lyk as oor wat hy glo. Die nuutste en modernste kommunikasie-strategieë word ingespan ten einde meer mense te oortuig. Die wyse waarop oortuig word, is belangriker as wat verkondig word. Omdat die post-moderne kerk wil meeding om 'n markaandeel, ruil dit iets in as dit by die waarheid kom. Die post-moderne kerk het "die" waarheid ingeruil vir "'n" waarheid. Hoe dikwels hoor ons nie dat daar selfs van die "gereformeerde waarheid" gepraat word nie, asof daar enige ander waarhede ook sou wees.

## Verskonings

Omdat die grootste gemene deler geneem word, het die post-moderne kerk weinig of geen struktuur nie. Kerkorde en amptelike bediening word afgekraak as oudmodies en as iets fascisties gesien, wat inperkend inwerk op die uitlewing van individuele vryheid. Elkeen mag maak soos wat hy goedvind. Die wet van God word nie hoog geag nie, aangesien die mens se bedoeling die deurslag gee en nie wat hy werklik doen nie. Vir elke sonde word daar 'n toepaslike verskonende rede gegee, in so 'n mate dat daar van sonde haas geen sprake meer is nie. En as daar nie sondebesef is nie, is daar ook nie 'n honger na 'n Verlosser nie.

Die post-moderne kerk glo nie dat God almagtig is nie. God moet deur middel van die relasionele waarheidsteorie 'n hand gegee word met sy skepping en openbaring. 'n Post-moderne kerk is een wat dink dat hy alles al gehoor het en self sal besluit wat van God geloofwaardig is en wat nie. Vrae oor "of God in beheer is" stam ook uit hierdie siening.

## God moet dankbaar wees

Die post-moderne kerk is een wat wil bid, maar nie aanbid nie. Die majesteit van God word vervang met 'n oppervlakkige menslike kontekstuele ervaring. Sulke kerke is half skaam vir God - om te getuig dat alle dinge soos reën en droogte en selfs hongersnood uit God se hand ons toekom. Die post-moderne kerk het daarom die houding dat God dankbaar behoort te wees dat daar darem in hierdie tye nog mense is wat in Hom probeer glo, en daarom moet daar nie oor klein verskilpuntjies soos geloofsbelydenisse gekibbel word nie.

## Kerk in ontbinding

Teenoor hierdie paar kenmerke van die post-moderne kerk moet die waarheid duidelik gestel word. Die post-moderne kerk, vir sover dit nog kerk genoem kan word, is een van ontbinding. Twyfel kan geen geloofsbelydenis wees nie (Jak 1:6 ev). Hierdie skynheilige nederigheid, wat maak asof dit hoogmoedigheid is om iets vir volle sekerheid te glo, is lewensgevaarlik. Kennis en vertroue in God is geloof. Twyfel is ongeloof. Hierdie onderskeid moet weer skerp gestel word, aangesien die satan die mensdom wil oortuig dat geloof en twyfel tans dieselfde ding is.

## Christus verraai

Die post-moderne kerk dra die lyksreuk van verraad, omdat dit sy uniekheid prysgegee het. Die "christus" wat die post-moderne kerk verkondig, is te algemeen. Dit is nie die enigste Seun van God nie, maar 'n mensgemaakte beeld wat slegs die name van God dra. God se kerk is heilig, is anders as die wêreld en moet nie skaam wees om anders te wees nie. Christus is die enigste ware Redder, Hy is nie maar 'n redder nie. Wie dit nie glo nie, speel met 'n ewige vuur. God se kerk is heilig omdat Hy heilig is, daarom mag daar nie allerhande valshede verdra en geduld word nie.

## Herder se stem

Twyfel oor die waarheid is niks anders as om die werking van die Heilige Gees te ontken nie. As God openbaar wie Hy is, hoe kan die kerk dan sê dat hy nie mooi hoor wie God is nie. Die kudde ken tog die stem van die herder. As dit nie so is nie, beteken dit net daar kan nie meer van 'n regte kudde gepraat word nie. Die post-moderne kerk het 'n dowe kerk geword aangesien nie meer na Christus alleen geluister word nie.

## God is reg

Demokrasie is onversoenbaar met die kerk. Dit is óf God se reg óf die mens se eie reg. Die twee sluit mekaar uit. God laat Hom nie voorskryf deur die grille en giere van die meerderheid sondaars nie. Die kerk moet nie oortuig nie maar moet verkondig. God verander harte - al wat die kerk moet doen, is om gelowig na te spreek wat die Gees sê. As dit nie meer gebeur nie, kom sending tot stilstand en word die voortgang van die kerk bedreig.

Die kerk moet bekommerd wees oor hoe hy lyk - nie vir ander mense nie, maar vir God. Die kerk moet homself versier met liefde. Liefde wat die waarheid insluit, aangesien geen liefde sonder die waarheid kan bestaan

nie. Waarheidlose liefde is 'n ewige graf - dit bestaan nie. Die kerk moet weer leer hoe om God in hierdie post-moderne tyd te aanbid. Aanbid beteken om ook die samelewing te verander na die eise van Gods Woord. Daar is geen ander keuse vir die kerke nie.

## Weste se ondergang

Een van twee paaie gaan gevolg word. Aan die eenkant kan die post-modernisme steeds geduld word (ook op teologiese skole en fakulteite), en dit sal die ondergang van die kerke beteken, omdat post-modernisme Christus skynheilig verloën. Of daar kan aan die ander kant besef word dat die Westerse beskawing, soos wat hy nou lyk, nie 'n plek vir die kerk is nie. Die wêreld is nie die kerk nie, en as daar geen onderskeid meer is nie, het die kerk opgehou om te bestaan.

Die post-moderne kultuur kan nie aangepas word nie, dit moet vernietig word. En dit word vernietig as die eise van God se Woord, onder andere dat God direk soewerein is oor alles wat Hy geskep het, daadwerklik bely en geleef word. Geen middeweg is moontlik nie. Wie post-modernisme goed verstaan, hoor die doodsklok van die Westerse beskawing daarin lui. Dit is inderdaad 'n geval van reformeer of sterf. 'n Kerk wat Christus so opreg bely, is altyd relevant in die samelewing, ongeag hoeveel getalle daarby betrokke is. 'n Kerk se gemene deler moet altyd die lewegewende Gees van Christus wees - enigiets minder as dit is uit die bose.

A.L.A. Buys

*****

SKRIFOORDENKING:

# God oordeel die skynheilige broer

Ds. D.J. de Kock

Obadja 15-17: *"Want die dag van die Here is naby oor al die nasies; soos jy gedoen het, sal aan jou gedoen word, jou daad sal op jou hoof neerkom. Want net soos julle gedrink het op my heilige berg, sal al die nasies gedurigdeur drink, ja, hulle sal drink en swelg en word asof hulle nooit bestaan het nie. Maar op die berg Sion sal daar ontkoming wees, en dit sal 'n heiligdom wees; en die huis van Jakob sal sy besittings in besit neem."*

## Venynige broer

Om onder 'n vyand te ly, is al heeltemal erg genoeg. Om onder 'n vyand in jou midde te ly, is beslis swaarder. Om egter onder jou eie broer se venynige aanvalle deur te loop, is hartverskeurend. Hierdie vyandskap tussen broers is egter niks ongewoon nie. Die heel eerste twee broers, Kain en Abel, het dit reeds intens ervaar, soveel so dat dit op moord uitgeloop het.

Die volk Israel het die gevolge van 'n soortgelyke broedertwis aan hulle lyf gevoel in die persoon van hulle buurvolk Edom. Edom het in tyd van nood teen Israel gedraai en met Israel se vyande geheul. Die Here sê in vers 10 aan Edom: "Weens die geweld teen jou broer Jakob gepleeg, sal skande jou bedek, en jy sal uitgeroei word vir ewig".

## Israel en Edom is broers

Edom word die broer van Israel genoem omdat beide hierdie volke afstammelinge van die stamvaders Abraham en Izak is. Israel is die nasate van Jakob en Edom is die nageslag van Esau. Israel en Edom is egter nie net bloedbroers nie, maar is ook geloofsbroers. In Deut 23:7, waar dit gaan oor wie nie in die vergadering van die Here toegelaat mag word nie, sê die Here: "Die Edomiet moet jy nie as 'n gruwel beskou nie, want hy is jou broer."

Edom is 'n bloedbroer en geloofsbroer. Tog word die hele profesie van die profeet Obadja gewy aan 'n oordeelsaankondiging van die Here oor Edom. Die twis tussen hierdie twee volke was die direkte gevolg van die twis tussen die tweelingbroers Esau en Jakob. Toe Jakob met sy bedrog sy broer Esau se seën gesteel het, het Izak vir Jakob geseën met die woorde: "Wees 'n heerser oor jou broers, en die seuns van jou moeder moet hulle voor jou neerbuig" (Gen. 27:29). Toe Esau later daar aankom om geseën te word, sê Izak vir hom: "...van jou swaard sal jy lewe en jou broer sal jy dien. Maar as jy jou kragte inspan, sal jy sy juk van jou nek afruk." Hierdie was die begin van 'n eeuelange stryd tussen die nageslagte. Edom was Israel vyandig gesind en het voortdurend probeer om die juk van Israel af te gooi (Vgl. 2 Sam 8 en 1 Kon 8)

## Nie gewone broedertwis

Hierdie twis was nooit maar net 'n gewone broedertwis nie. Anders sou die Here nie 'n boek soos Obadja vir ons in sy Woord laat opteken het nie. Dit gaan uiteindelik om die stryd tussen lig en dusiternis. Dit is dieselfde stryd waarvan die apostel Paulus praat as hy sê dat "ons worstelstryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen die owerhede, teen die magte, teen die wêreldheersers van die duisternis van hierdie eeu, teen die bose geeste in die lug" (Ef.6:12).

'n Mens sien die spore van hierdie stryd regdeur die geskiedenis. Destyds toe Dawid so vir die waansinnige Saul moes vlug, het hy by die priesters van Nob brood en 'n swaard gekry (1 Sam 22). Die persoon wat Dawid en die priesters verraai het, was Doëg, 'n Edomiet. Op die ou end was dit juis ook Doëg wat die priesters van die Here doodgemaak het.

Toe Israel deur hulle vyande aangeval word en hulle swaar verliese ly, was dit Edom wat hulle in Israel se ellende verlustig het en selfs die Israeliete aan die vyande uitgelewer het. (vers 12).

Later in die geskiedenis is dit Herodes wat al die seuntjies onder twee jaar oud in die omgewing van Betlehem laat doodmaak het toe hy fanaties wou verhoed dat Jesus die troon van hom sou afneem. Herodus was ook 'n Edomiet. Dit bly dieselfde stryd - die satan wat Christus probeer vermoor.

En nog meer. Elke keer as daar in die Bybel na Jesus se verraaier, Judas, verwys word, word hy Judas Iskariot genoem. Dit is natuurlik nie sonder rede nie. Iskariot beteken "man van Keriot". Judas kom uit Keriot, 'n plek in Edumea! Weereens Edom, die bloedbroer en geloofsbroer wat die rugsteker geword het.

Regdeur die geskiedenis van die wêreld gebruik satan hierdie taktiek om verdeeldheid tussen broers te saai. Die broer wat veronderstel is om die naaste aan jou te staan, wat jou eie bloed is en veronderstel is om saam met jou die ware God te aanbid, word die een wat die grootste verwoesting saai en die seerste maak.

## Wraak

Hoe tree 'n mens nou teen so 'n broer op? Ons mag nie self wraak neem nie. "Aan my kom die wraak toe, Ek sal vergeld, spreek die Here" (Rom.12:19b). Ons moet die saak in die Here se hand laat. In vers 17 sê die Here: "Maar op die berg Sion sal daar ontkoming wees, en dit sal 'n heiligdom wees; en die huis van Jakob sal sy besittings in besit neem".

Hier belowe die Here die verlossing van sy uitverkore volk. Op Sionsberg sal daar ontkoming wees. Met ander woorde op die tempelberg, by die Here, sal daar redding wees vir God se volk wat so moet ly onder die venynige aanslae van die vyand. Hierdie vers en ook die volgende wys heen na die Messiaanse tyd wanneer Christus kom om die Koninkryk van God vir ewig te vestig.

Om self wraak te neem, is 'n poging om sonder God te probeer om jou teen die vyand te verdedig. Die Here gee die oorwinning aan elkeen wat in Jesus Christus glo. Hulle ontvang hemelse seëninge uit die hand van die ewige Koning, Jesus Christus.

*****

# SEKULARISME (Deel 3)

## Prof L Floor

## 7. Hoe Gereformeerd is ons vandag?

Wanneer ons nou nader beweeg aan die eintlike tema, ons roeping as Gereformeerde(s), dan moet eers die volgende vrae gevra word: wat is Gereformeerd en hoe Gereformeerd is ons vandag nog?

Kernpunte van Gereformeerd-wees is:
- die belydenis van die soewereiniteit van God
- die erkenning van die goddelike gesag van die Skrif
- die handhawing van die Formuliere van enigheid
- die aanvaarding van die leer van die uitverkiesing
- die beklemtoning van die noodsaak van die wedergeboorte
- die geloof in die plaasvervangende offer van Christus
- die aanvaarding van die leer van die Heilige Gees wat ons die geregtigheid en die heiligheid van Christus deelagtig maak.

Wanneer ons ons kerk en onsself hieraan toets, dan mag die vraag gevra word: beantwoord ons as Gereformeerdes aan hierdie norm? Ons moet ons nie verbeel dat sekularisme by ons kerkdeur verby gaan nie. Laat ons ons Gereformeerd-wees toets aan bogenoemde kenmerke.
Ek wil op drie dinge wys: op die prediking, die pastoraat en ons kerklike organisasie.

### 7.1 Die prediking

Kom, ons kyk eers na ons prediking. Nou is dit baie moeilik om 'n algemene oordeel te gee oor die prediking in die Gereformeerde kerke om vas te stel hoe Gereformeerd die prediking is. Tog is daar wel 'n toetsingsmoontlikheid. Hoe staan dit met die Kategismusprediking? Dit lyk of die Kategismus in diskrediet geraak het. Juis hierdie Belydenisgeskrif help predikante om Christusgesentreerd die Woord te verkondig. Saam hiermee gaan die vraag: watter Christusbeeld word vanaf Gereformeerde kansels aan die gemeente voorgehou?
Funksioneer die klassieke christologie nog in ons verkondiging of word alleen gewys op Jesus wat met ons saamgaan, wat ons opvang, wat gereed staan om bystand te bied, wat die groot Voorbeeld is wat nagevolg moet word?
Die Christusprediking van die Apostoliese Vaders, die Reformatore en die Puriteine is ook gekenmerk deur die verkondiging van Bybelse begrippe wat daar nou mee saamhang: die nadruk op wedergeboorte, die heenwysing na die oordeel wat kom, die sterk beklemtoning van die heiligmaking. Dit bring ons by die vraag of die Bybelse nosies soos die oordeel, die gerig van God, die skrik van die Here wel van ons kansels verkondig word. Soms klink dit of die hel eenvoudig uit ons gesigsveld verdwyn het. Ons bely dit alles met die mond met behulp van die Formuliere van enigheid. Maar laat ons in die konkrete praxis van die verkondiging hierdie stoere klanke ook hoor?

### 7.2 Die pastoraat

Wanneer ons kyk na die pastoraat dan is daar weer dieselfde probleem. Dit is onmoontlik om 'n algemene oordeel te gee oor die beoefening van die pastoraat in die Gereformeerde kerke. Die indruk is egter wel dat die pastoraat in 'n groot mate sirkel rondom die Nagmaal. Dit is lofwaardig dat lidmate in die meeste gemeentes met die oog op die Nagmaal besoek word. Maar byna alle ouderlinge hoor op huisbesoek - soos op kerkraadsvergaderinge gerapporteer word - die eentonige mededeling dat die lidmate 'n hartlike begeerte het om die Nagmaal te gebruik. Maar is dit

nie karakteristiek vir die Gereformeerde Kerke dat hulle Nagmaalkerke is nie? Histories is dit verklaarbaar. Groot afstande en gebrekkige vervoermiddele het in die hand gewerk dat in die loop van die tyd die Nagmaalsondag by uitstek dié Sondag in die kerklike jaar geword het waarop alle lidmate kerk toe gekom het. Maar ons tyd met sy verhoogde mobiliteit bied nie meer 'n verskoning om van die kerk weg te bly nie. Hoe word die Nagmaal gevier en belewe? Waar is die lidmate wat so begerig is om Nagmaal te gebruik by die Nabetragtingsdiens en die volgende Sondae?

Dit laat die vraag ontstaan of die Nagmaalviering vir baie lidmate nie eerder 'n kerklike ontmoeting as 'n Christusontmoeting geword het nie? Dit skep die indruk dat vir baie die geloof 'n vanselfsprekenheidsgeloof, 'n kerkgeloof, 'n boekgeloof, 'n konfessiegeloof is en nie 'n Christusgeloof nie. Christus se persoon en werk is slegs 'n pro memori-pos. Hy is nie meer op die voorgrond nie, maar word op die agtergrond geskuif.

## 7.3 Die kerklike organisasie

Dit wil nie sê dat daar geen goeie dinge is nie. Daar kan gewys word op die baie Bybelstudiekringe wat daar is, die Bybelskool-inisiatiewe wat op baie plekke ontplooi word, die persoonlike toewyding van predikante, ouderlinge, lidmate wat 'n mens met blydskap en dankbaarheid vervul.

Tog lyk dit of ons kerklike organisasie nie baie help om ons roeping as Gereformeerdes uit te leef nie. Ons kerk vertoon na buite die beeld van 'n tipiese predikantekerk. Kyk maar, daar is geen kurator wat 'n ouderling is nie. In die moderamina van Klasses, Part. Sinodes en Nasionale Sinode figureer alleen ons predikante. Dan skep die Gereformeerde kerke die indruk van 'n deputatekerk. Positief is dat daar ook lidmate en selfs vrouens deputaat is. Die kerk is baie goed georganiseer. Maar is ons wel voldoende gewapen teen die invloed van die sekularisme? Pleks van om as kerk deur middel van sy lidmate die wêreld in te beweeg, is die wêreld besig om in die kerk in te beweeg.

Een van die groot gevare wat die kerk bedreig, is die oorwaardering van die wetenskap ten koste van die geloof. Ons moet die invloed van die Verligting, die rasionalisme en die post-modernisme nie onderskat nie. Daar is, om net een ding te noem, die groot bedreiging dat ons as gevolg van wetenskaplike ontwikkeling en vermeerdering van kennis meer nadruk lê op die verstand as op die geloof. Aan die christelike geloof mag getwyfel word, maar nie aan die verstand nie. Gevolg is dat daar meer aandag gegee word aan die intellek as aan die ware geloof, die persoonlike verhouding tot Christus.

Die gevaar is dan groot dat daar meer klem op die rede gelê word as op die openbaring. Die menslike rede mag nie die openbaring oorheers nie. Dit sien ons by die Verligting en by die histories-kritiese metode van Bybelondersoek. Die klem word daar eensydig sterk gelê op wetenskaplike ondersoek. Hoe belangrik en onontbeerlik wetenskaplike ondersoek ook al is, die verhouding openbaring-rede moet in die regte perspektief gesien word.

Die menslike rede is 'n pragtige instrument wat God ons geskenk het. Deur die Gees verlig kan ons deur middel van die rede God se stem verneem. Maar die rede kan nooit norm of bron wees nie. Die Gereformeerde teologie aanvaar God se openbaring as norm. Kerklike organisasie, hoe goed ook al gereël, of verstandsgodsdiens kan nie die invloed van sekularisme keer nie.

## 8. Die vervulling van ons profetiese roeping

Die eerste christene, die gelowiges in die tyd van die Reformasie en die Puriteine het deur hulle optrede in die wêreld gewys aan Wie hulle behoort en wat hulle tot hulle christelike dade gedryf het. By almal van hulle was daar 'n sterke Christuskonsentrasie. Wat by die Apostoliese Vaders, by die Reformatore en by die Puriteine so kenmerkend was, kan die beste tot uitdrukking gebring word met die Ou-testamentiese term: die vrees van die Here, die Jerath Jawhe.

Die vrees van die Here het in sy verhouding tot God en in sy verhouding tot die samelewing die volgende komponente:
– daar is in verhouding tot God atyd die besef van God se grootheid en heiligheid.
– die vrees van die Here word gekenmerk deur afhanklikheid en aanhanklikheid (Oosterhoff, 1949:125-127).

In horisontale verhoudinge werk die vrees van die Here 'n besef van regverdigheid, mensliewendheid, betroubaarheid, diensvaardigheid en selfverloëning (Oosterhoff,1949:131-132).

Ons moet ons profetiese roeping vervul vanuit 'n op Christus gekonsentreerde geloofslewe. Hoe gaan ons dit in die praktyk in 'n gesekulariseerde samelewing toepas?

In die eerste plek moet ons aanvaar dat die verhouding tussen kerk en staat, die invloed van die gemeente van Christus op die samelewing, nie 'n direkte verhouding is nie, maar 'n indirekte.

In die tweede plek het die kerk die profetiese roeping om in prediking, toerusting en gemeente-opbou die belangrike opdrag om Christus te verkondig en die gemeenskap met Christus te bevorder. Die kerk moet die gelowiges toerus vir hulle getuienis in die samelewing, om 'n profeet te wees in die oortuiging dat die kerk die antwoord het op al die probleme van ons tyd. Maar dan is dit absoluut noodsaaklik dat Christus vir ons 'n lewende werklikheid is, dat ons die gemeenskap met Hom belewe.

McGrath (1992:143) skryf dat alleen die ortodokse christendom die apologetiese en geestelike middele besit om die verlore terrein in die wêreld weer terug te win. Onder 'n ortodokse Christendom verstaan hy dan kerke en christene wat weet van 'n Christusontmoeting en 'n

**Christuservaring.**

Sondag 12 van die Heidelberge Kategismnus spel dit so duidelik uit: 'ek is deur die geloof 'n lid van Christus. Daardeur het ek deel aan sy salwing, sodat ek sy Naam kan bely'.

Saamvattend kan alles op 'n kort bybelse formule gebring word. Ons profetiese roeping as Gereformeerdes om die invloed van die sekularisisme in die kerk en buitekant die kerk hok te slaan, is eenvoudig die ware belewing van wat in die Ou Testament genoem word die vrees van die Here, die Jerath Jahwe.

God vra van ons in 'n tyd soos hierdie om in diep afhanklikheid van Christus en opregte aanhanklikheid aan Hom in die besef van sy heiligheid en majesteit te lewe.

Herman Bavinck het kort voor sy dood, toe daar in die Gereformeerde Kerke in Nederland spanning ontstaan het tussen konserwatiewes en verligtes en die vraag na die roeping van die kerk in die wêreld aktueel geword het, gewys op wat hy in die kerk met betrekking tot haar roeping in die wêreld die hoofsaak noem: 'De persoonlijke band des geloofs aan de levende Christus' (Graafland, 1996:63).

## Bibliografie:


Dekker, G., De mens en zijn godsdienst. Beschouwingen over de functies van godsdienst en kerk voor mens en samenleving. Bilthoven: Ambo 1975.

Duvenage, S.C.W., Die DA+Akor van die Nuwe Testament. 'n Kultuurhistoriese agtergrondstudie. Pretoria, Potchefstroom, Kaapstad: Interkerklike uitgewerstrust s.j.

Dyn, H. Den., Hoe overleven wij de vrijheid: modernisme, post-modernisme en het mystieke lichaam, Kapellen: Pelckmans 1994.

Floor, L., Calvyn se hermeneutiek in vergelyking met Ebeling en Fuchs, in: Neotestamentica 4 (1970) p.94-107.)

Gogarten F., Verhängnis und Hoffnung der Neuzeit. Die Säkularisierung als theologisches Problem. Stuttgart: Friedrich Vorwerk Verlag 1953.

Graafland, C., 'Als Bavinck maar eens kleur bekende' (in: Radix, Gereformeerd Interfacultair Tijdschrift, 21e jaargang no.2 April (1995) 60-73.)

Graham, W.F., The Constructive Revolutionary John Calvin. His Socio-Economic Impact. Atlanta: John Knox Press 1978.

Harnach, A., The Mission and Expansion of Christianity in the first three centuries, New York: Harper & Brothers 1962.

Klijn, A.F.J., Apostolische vaders 3. Baarn: Bosch en Keuning 1967.

Lang, C., C.D., Irony/humor: critical paradigms, Baltimore: John Hopkins University Press 1988.

Lloyd-Jones, D.M., The state of the nation, (in: Unity in Thruth, Darlington: Evangelical Press (1991) p.123-147.)

Luther, M., De vrijheid van een christen (in: Luthers werken (red. W.J. Kooiman) Kampen: Kok (1959) p.136-171).

McGrath, A.E., Johannes Calvijn. Verlichte hervormer of vormgever van een orthodox keurslijf? Baarn: Tirion 1990.

McGrath, A.E., Bridge-building. Leicester: University Press 1992. Oosterhoff, B.J., De vreze des Heren in het Oude Testament, Utrecht: Kemink 1949.

Praamsma, L., Calvijn. s.j. Wageningen: Zomer en Keuning.

Rogier, L.J., De historische achtergrond van de secularisatie (in: G. Puchinger (red.), Christen en secularisatie, Delft: Meinema (1968) p.9-33.)

Spijker, W. van 't., 'Extra nos' en 'In nobis' bij Calvijn in pneumatologisch licht (in: Geest, Woord en Kerk, Opstellen over de geschiedenis van het protestantisme, Kampen: Kok (1991) 114-132).

Swarz, R., Johannes Calvins Lebenswerk in seinen Briefen I. Tübingen: Mohr (Siebeck) 1909

Torrance, T.F., The Doctrine of Grace in the Apostolic Fathers, Edinburgh - London: Marshall, Morgan & Scott 1948.

Velema, A.W., Pastoraat in een geseculariseerde samenleving, (in: De Wekker, 105e jaargang 26 januari en 2 februari (1996) nr.12 en 13, p.91-195, p.209-211


* * * * *

# BYBELSE EN KONFESSIONELE PERSPEKTIEF OP MENSEREGTE


S.J.M.S. Smit


(Referaat gelewer tydens 'n interfakultêre byeenkoms op Potchefstroom, 1995)

Teen die agtergrond van wandade in Auschwitz, Bosnië, Ruanda en Suid-Afika kom die vraag onwillekeurig op of daar nie so iets soos menseregte is wat die onreg van een mens teen 'n ander hok moet slaan nie. Verskillende antwoorde oor die beoordeling van menseregte is heel moontlik simptome van verskillende Skrifbeskouings en gebondenheid aan die belydenisskrifte. Sodanige beoordeling geskied egter nie sonder probleme nie, omdat menseregte in 'n menseregte-kultuur as norm funksioneer waaraan die "ware Christendom" gemeet word. Enige stem daarteen word as "uit pas met die ware Christendom" geag (Soos wat die Suid-Afrikaanse Regskommissie in 1989 beweer het).

## Wat sê die Bybel ?

Mens sou die beoordeling kon begin deur te vra of daar in die Skrif iets soos menseregte is, wat hierdie menseregte is, en hoe hulle vasgestel en begrens word. Dit sou egter neerkom op die gebruik van die Skrif buite sy eie aard en inslag. Die term menseregte kom nêrens in die Skrif as sodanig voor nie, en daarom moet ons waak om by nabaat dit in die Skrif in te lees.

Eweneens het ons in die konfessies net artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis wat ons belydenis oor die regsorde van die staat formuleer. God skryf nie in sy Woord die tipe regstelsel voor wat 'n staat moet implementeer nie - God stel die eise waaraan hulle

moet voldoen (vgl. 1 Sam 8). God eis gehoorsaamheid en liefde aan Hom (Deut 6:4ev), Hy eis geregtigheid (Jer 5:1), Hy verwag van die owerheid om sy dienaar te wees (Rom 13). Hierdie eise word verder uiteengestit in artikel 36 NGB:

- die staat moet die losbandigheid van mense in bedwang hou
- die staat moet die heilige Woordbediening beskerm
- die burgers moet hulle aan die owerheid onderwerp in alles wat nie in stryd met die Woord van God is nie
- die staat moet 'n rustige en stil lewe aan die burgers verseker
- die burgers mag nie die owerheidsgesag verwerp en die regsorde omver stoot by wyse van invoer van gemeenskaplike besit van goedere en versteuring van die eerbaarheid wat God onder die mense ingestel het nie.

Hierdie eise moet ons lei in die beoordeling van menseregte, sowel as in ons deelname daaraan al dan nie. Hiervolgens moet ons mensregte nie in die Skrif soek nie maar eerder tot in sy wortels ontbloot en dan aan die Skrif toets.

## Waar kom menseregte vandaan?

Dat die term "menseregte" nie in die Skrif voorkom, nie word deur alle voorstanders en teenstanders deur die bank aanvaar. (Die nuwe vertaling van Lev 25:34 as "onvervreembare reg" is 'n te populêre vertaling vir "want 'n woonplek ewig is hierdie vir hulle"). By die Christene wat menseregte wel voorstaan, word dit hoofsaaklik begrond op *loci classici* wat ons onder andere vind in Gen 1:26 (die mens na die beeld van God geskape), Jer 5:28 (die reg van die wees en die weduwee) en Mat 7:12a (doen aan jou naaste soos jy aan jouself gedoen wil hê). Daar is egter baie meer en ander tekste wat in verband met menseregte gebruik kan word (vgl. die Sinodale kommissieverslag vir leer en aktuele sake van Noord-Transvaal van die NG kerk, 1995)

## Die mens as beeld van God?

Hierdie teks is baie belangrik omdat dit die grondslag vorm waarop 'n Bybelse mensbeskouing geskoei word. Hier word aandag gegee aan drie aspekte wat hiermee verband hou.

* Die ontologisering, abstrahering en verabsolutering van die woorde "na die beeld" lei daartoe dat die menseregte-aanhangers alle mense as beeld van God sien. Hierop word die outonomisiteit (eiegeregtigheid) wat inherent aan die mens van die menseregte-kultuur is, "Bybels" gefundeer. Die mens wat beeld van God is, maak dan vir hom wette wat vir homself maklik onderhoubaar is en redelik aanvaarbaar is. Dit is noodsaaklik om te onthou dat hier van 'n modus, 'n manier, van geskape wees sprake is.

* "Na die beeld" kan ook eensydig relasioneel gesien word. Die gevolge van die sondeval word dan grootliks ontken. Die mens staan dan in relasie tot 'n transendente God wat sy volmag aan die mens-as-sy-beeld (beelddraer) gee. Van die persoonlike verbondsrelasie tussen God en mens wat hierdeur uitgebeeld word, kom by menseregte min ter sprake.

* "Na die beeld" se funksionele aard kan ook oorbeklemtoon word. Dan word die mensereg die waarborg vir ampsuitoefening in die skepping op grond van die beeld-van-God wees. Om dan sy amp te kan beoefen, het die mens drie basiese regte nodig naamlik die regte op vryheid, op gelykheid en lewe. Wat egter totaal hier ontbreek, is dat God die mens opdrag gee om ampsdraer te wees in Sy skepping en dat dit nie inherent 'n reg van die mens is nie (Gen 1:26-27). Die mens is ook onwillig om God se wil in sy ampsuitoefening te doen, en die vermoë om God se wet te doen, het deur die sondeval verdwyn (Rom 7:19, 8:7). Verder maak God met sy skepsele wat Hy wil en kan geen mens op 'n reg aanspraak maak om "amptenaar" te wees nie (Rom 9:21).

## Natuurlike waardigheid

Die feit dat die mens "na die beeld" geskape is, is onvoldoende om 'n natuurlike waardigheid van die mens af te lei wat aan hom sekere regte verskaf. Daar is 'n verskil tussen die natuurlike waardigheid van die mens en die waardigheid wat die mens in Christus het (vgl. Kol 3:9 ev) waar liefde as werksklere van die Christen vereis word, iets wat hy moet aantrek, en nie natuurlik deel van hom is nie).

## Slegs deur Christus

Die Protestantse belydenis werp ook lig op die mensbeskouing van die Skrif. In NGB 14-17 word bely dat die mens deur die sondeval 'n verdorwe natuur bekom het. Die oorblyfsels van die gawes wat die mens ontvang het, is slegs genoeg om hom alle verontskuldiging te ontneem. Die vlees bedink ook vyandskap teen God (Rom 8:7). Daar is geen verstand en geen wil in ooreenstemming met die wil van God nie - tensy Christus dit in die mens tot stand bring (1 Kor 2:14). Die mens het geen reg op lewe nie, maar is voor God doemwaardig. Die mens wat los is van die uitverkiesing in Christus, is en bly in sy verdorwe staat.

## Haat God

In die Heidelbergese Kategismus word bely dat God se wet liefde tot Hom en die naaste eis. Die mens is ook van nature geneig om God en sy naaste te haat. Die mens se natuur is deur die sondeval verdorwe. Die mens kan slegs iets goeds doen as hy deur die Gees van God wedergebore word. God se regverdigheid word nie deur die mens opgehef nie, en die mens het geen reg om God se barmhartigheid af te dwing nie. Alleen deur Christus kan die mens salig word en die lewe verkry. Geloof in God is noodsaaklik vir die saligheid van die mens.

## Sondige gesindheid

In die Dordtse leerreëls (3,4) word bely dat die hele gesindheid van die mens wat in sonde geval het, onsuiwer is. Die volle betekenis van "na-die beeld-van-God" geskep wees het deur die sondeval verlore gegaan. God is sy genade aan geen mens verskuldig nie. Die

sonde het die natuur van die mens nie weggeneem nie, maar dit bederf en in 'n geestelike sin gedood. Die mens honger en dors nie na die lewe en geregtigheid nie, behalwe as hy deur die Gees van God wedergebore is.
Sou mens kon sê dat die mens van die belydenis enige reg voor die Heilige God het?

## Die reg van die weduwee (Jer 5:28)

Kan ons egter sê dat as God die mens regte skenk, die mens die reg besit? Die Skrif leer dat daar vir elke reg wat in 'n genetiefs-konstruksie tot die mens staan 'n wettiese bepaling van God is. Met ander woorde, die "reg van die wese" is die reg wat God ten opsigte van die wese bepaal, en nie 'n reg wat die wese inherent besit nie.
Dit is 'n dualistiese skeiding as gedink word dat die mens in sy verhouding tot God voorregte (geskenkte regte) besit, maar in die verhouding tot sy medemens regte, omdat dieselfde wet wat die verhouding God-tot-mens reël ook die verhouding mens-tot-mens reël. As God se skenking van reg (toegifte) menseregte sou wees, sou Hy aan die mens die reg gee om sy Naam te laster, soos die reg op vryheid van spraak voorsiening voor maak?

## Goed doen aan ander (Mat 7:12a)

Soms word die reg op gelykheid uit hierdie teksvers gegrond. Wat dan gemaklik uit die oog verloor word, is dat 12a gespesifiseer word in 12b "want dit is die wet en die profete". Die humanisme wil "goed doen aan ander" graag tot reg van die mens verhef, terwyl dit onomwonde die wet van God betrek. Menseregte is soos humanisme, opgetoë met die natuurlike mens en wil die mens se begeertes verander in onvervreembare, permanente Godgegewe regte en aansprake. Christelike aanhangers van menseregte poog om die betrokke begeertes ("soos jy wil hê aan jou gedoen moet word") met die beroep op die hoogste gesag wat daar is, te erken, aan te wakker, op te bou, te versterk, te regverdig en uiteindelik te laat regeer.

## Die mens se begeerte

Menseregte ruil dan God se wet vir die mens se begeerte. God leer juis die teendeel, naamlik dat die eerste en tweede tafel van die wet nie van mekaar losgemaak kan word nie (Mat 22.39).

Gevolglik kan ons nie Christus die skenker van die reg op gelykheid noem nie (op grond van Gal 3:28), terwyl Hy self onderskeid maak tussen die gelowiges en ongelowiges (Mat 25; Joh 3:18, Joh 6:53ev; Joh 17:9). Aan die ander kant kan die begeerte van die natuurlike mens wat vasgelê word in menseregte nie die algemene openbaring van God se reg genoem word nie. Die mensbeskouing kan nie losgemaak word van 'n godsbeskouing nie. Daarom die vraag: leer die godsbeskouing van die menseregtehandves dat Christus die Here van die skepping is? (vgl. Op 1:5-8).

★★★★★

# IS DIE TAFEL NODIG BY DIE NAGMAAL?

Ds. W.M. Snyman

## Die nagmaal en die merktekens van die ware kerk

Ons bely in artikel 29 van die Nederlandse Geloofsbelydenis die volgende oor die kenmerke waaraan ons die ware kerk kan uitken: Wanneer die kerk die evangelie suiwer preek, die sakramente suiwer bedien soos Christus dit ingestel het en die kerklike tug gebruik om die sondes te straf, is dit die ware kerk. Kortom, wanneer almal hulle ooreenkomstig die suiwere Woord van God gedra, alles wat daarmee in stryd is, verwerp en Jesus Christus as enigste Hoof erken. Hieraan kan ons met sekerheid die ware kerk uitken, en niemand het die reg om hom daarvan af te skei nie.

## Selfondersoek

Die suiwer bediening van die Woord, sakramente en tug is die merktekens wat die ware kerk van die valse kerk onderskei. In die voorgaande artikel (NGB 28) bely ons dat elkeen verplig is om hom by die ware kerk te voeg. Dit plaas die verpligting op elke gemeente, kerkraad en lidmaat om voortdurend onsself aan hierdie maatstaf te meet, om seker te maak dat ons steeds voldoen aan die eise van die ware kerk.

Die merktekens van die ware kerk word egter in 'n groot mate in baie van ons Gereformeerde kerke bedreig. Een saak wat met die merktekens van die ware kerk te doen het, is die bediening van die nagmaal in die Gereformeerde kerke en spesifiek met verwysing na die kwessie van die bediening van die nagmaal in die banke met kelkies.

## Gemeenskapsmaaltyd

Die maaltyd het in die tyd van Christus 'n baie groter waarde en betekenis gehad as om net die liggaam te voed. Diegene wat saam om die tafel gesit het, het ook 'n baie noue band met mekaar gehad. Om saam te eet, was dus ook 'n bewys van die hegte band wat tussen die tafelgenote bestaan het. Die tafel was simbool van eenheid en gemeenskap tussen die mense wat saam geëet het. Juis om hierdie rede het die Jode nie saam met sondaars en tollenaars en afgodedienaars geëet nie. En een van die klagtes teen Jesus was juis dat Hy saam met die sondaars geeet het.

## Een met Christus

Die nagmaal is in wese 'n gemeenskapsmaaltyd waartydens die gelowiges hulle innige gemeenskap met Christus en mekaar bely. Deur saam om die tafel te sit bely ons die besondere band tussen ons en Christus en tussen die medegelowiges onderling. Jesus bid in Joh.17:11: "Heilige Vader, bewaar in U Naam dié wat U my gegee het, sodat hulle een kan wees net soos ons." Hierdie eenheid word veral vergestalt en bely aan die tafel met die een brood en een beker waarom almal,

wat hulle verlossing en eenheid in Christus deur hulle lewe bely, saam sit en eet en drink. Dit getuig Paulus as hy sê, (soos ook in ons formulier vir die nagmaal aangehaal): "Omdat dit een brood is, is ons almal een liggaam, want ons het almal deel aan die een brood. Net soos uit baie graankorrels een meel gemaal en een brood gebak word en uit baie druiwekorrels, as hulle gepars word, een wyn vloei, so moet ons almal wat deur die geloof in Christus ingelyf is, een liggaam wees." Verder word die lofverheffing na die ete ingelei met die volgende woorde: "Geliefdes in die Here, aangesien die Here ons siele nou aan sy tafel gevoed het, laat ons almal saam sy Naam met dankbaarheid prys ..."

## Feesmaal om 'n tafel

Ook word die heilsbelofte van God op talle plekke in die Bybel beskryf as 'n feesmaal om 'n tafel in die koninkryk van die hemele. In Luk.22:29-30 staan: "En Ek beskik vir julle 'n koninkryk soos my Vader dit vir my beskik het, sodat julle kan eet en drink aan my tafel in my koninkryk en op trone sit om die twaalf stamme van Israel te oordeel. So het die nagmaal ook 'n sterk eskatologiese betekenis, omdat dit ons wil bemoedig en versterk vir ons geestelike stryd in die wêreld, deur ons geloofsoë te vestig op die ewige feesmaal wat ons saam met Christus in sy koninkryk sal vier.

Die nagmaal as simbool van 'n feesmaal rondom 'n tafel is dus van wesenlike belang. By die paasmaaltyd is die nagmaal ingestel. In Mark.14:18 lees ons: "Terwyl hulle aan tafel was en eet.." en in Luk 22:14 staan: "en toe die uur gekom het, het Hy aan tafel gegaan, en die twaalf apostels saam met Hom" en in vers 21 staan "die hand van Hom wat my verraai is by my aan tafel". Prof. J.D. du Toit (1961:233ev) het in hierdie verband geskryf oor waar en hoe Jesus die nagmaalstekens uitgedeel het. En hierop is daar net een antwoord - terwyl Hy saam met sy dissipels aan die paastafel aangesit het. Prof. Du Toit sê verder: "Hoofsaak by die nagmaal is dat afgebeeld word hoe ons geestelike lewe deur die hemelse brood Christus gevoed word. Dit word wel ten dele gesien by die Zwingliaanse metode (nagmaal in die banke) maar nie ten volle nie. Maar dit is noodhulp. In die reël gaan ons aan tafel sit om daar gevoed te word, en dit is die reël wat moet geld en nie die uitsondering nie" (p.234).

## Kerkorde

Die opstellers van die "Handleiding by die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika" skryf onder die opskrif (p.379) "Die uitwendige seremonies by die nagmaal" die volgende: "Die nagmaal is 'n gemeenskapsmaaltyd en daarom moet die onderlinge gemeenskap met mekaar uitdrukking vind in die uitwendige seremonies van die wyse van viering. Die wyse en vorm moet so wees dat die wese van die saak duidelik word. Elke uitwendige vorm wat nie aan die eis van die wese beantwoord nie, is waardeloos. Die groot betekenis van die vorm is dat dit moet meewerk om aan die sinne voor te stel wat in die wese van die saak opgesluit lê. Hiertoe dien, afgesien van die elemente van die nagmaal, die tafel- en die bekergemeenskap." Verder skryf hulle: "Die nagmaal is 'n maaltyd. Daarom pas dit dat die gelowiges saamkom om 'n tafel, soos dit was by die instelling van die nagmaal (Mat.26:20).

## Lewensgemeenskap

Tafelgemeenskap het in die Skrif die betekenis van 'n hegte eenheid en onderlinge gesindheid (vgl. Mat.9:10-11, Mark.2:15-16, Luk.15:2). Dit spreek van lewensgemeenskap. Die sinode van 1930 het geoordeel dat die vernietiging van die tafelgemeenskap, deur die nagmaal in die banke te bedien, 'n poging van die satan is om die gelowiges die ware betekenis van die nagmaal te ontneem (Acta, p.158). Oor die argument dat daar in die Gereformeerde Kerke die gebruik van meer tafels is, en almal dus nie om dieselfde tafel sit nie, spreek die sinode hom soos volg uit: "Waar die hele gemeente nie ineens almal aan dieselfde tafel kan aansit nie, bly die eenheidsgedagte nogtans by elke afsonderlike tafel, want 'n groep gelowiges sit saam, eet saam uit dieselfde skaal en drink saam uit dieselfde beker waardeur hulle gemeenskaplike eenheid in Christus tot uitdrukking gebring word. Deur op te staan uit die kerkbank en die tafel te nader, is ook nie sonder betekenis nie. Daardeur verkondig die gelowige openlik sy geloof dat hy sy verlossing in Christus soek. Dit hou verder in dat die kerkraad kan toesig hou oor wie tot die tafel van die Here nader".

Prof. Van der Linde handhaaf ook hierdie standpunt in sy boek "Die kerkorde - 'n verklaring van die Gereformeerde Kerkorde" (p.208). Onder die opskrif "Dinge wat nagekom moet word" skryf hy: "Daar is egter dinge waarop al die kerke altyd moet ag gee by die viering van die nagmaal. Onder hierdie dinge word gereken die maaltydskarakter van die nagmaal wat vereis dat by 'n tafel aangesit moet word..."

## Beginsels oorboord?

Die vraag ontstaan waarom ons dikwels onderlinge liefde en eenheid in die gemeentes probeer bewerk deur allerhande uitgedinkte, kunsmatige gemeentebou-programme, terwyl ons self baie keer verantwoordelik is vir die bevordering van verdeeldheid, omdat die Bybelse beginsels oorboord gegooi word. Beginsels wat die Here self vir ons daargestel het om ons te herinner aan, te verseker van en op te bou tot hierdie liefde en eenheid. As Gereformeerde Kerke wil ons tog voortdurend reformeer, met ander woorde gedurig teruggaan na die oorspronklike, soos wat Christus dit bedoel om te wees. Hierdie uitgangspunt moet tog vir die nagmaalsviering ook geld, naamlik dat dit duidelik is dat Christus die nagmaal aan 'n tafel ingestel het.

## Die tafel en die altaar

Dit is ook belangrik om die verband tussen die tafel en die altaar in die Skrif raak te sien. In Esegiel 40-44 word Esegiel se visioen van die herstelde tempel as middelpunt van die herstelde volk beskryf. Ons lees in Esegiel 40:39-43: "En in die voorportaal van die poort was twee tafels aan die een en twee tafels aan die ander kant om daarop die brandoffer en die sondoffer

en die skuldoffer te slag... En daar was vier tafels vir die brandoffer, van gekapte klippe, die lengte anderhalf el, die breedte anderhalf el, en die hoogte een el - daarop het hulle die gereedskap neergesit waarmee hulle die brandoffer en slagoffer geslag het. En die gaffelvormige hake van 'n handbreedte was aan die binnekant al rondom bevestig, en op die tafels was die offervleis."

## Simbool van offeraltaar

In Eseg.41:22 staan: "Die altaar was van hout, drie el hoog en sy lengte twee el, en dit het sy hoekstukke gehad; en sy voetstuk was van hout. En hy het vir my gesê: Dit is die tafel wat voor die aangesig van die Here is". Jesus se liggaam en bloed is vir ons sondes op die altaar geoffer. Hy is die Lam wat vir ons sondes geslag en geoffer is en daarom is die tafel as simbool van die altaar in die nagmaal ook van die uiterste belang.

## Toonbrode

Verder is daar die tafel van die toonbrode. In Ex.25:23 ev gee God die opdrag: "Maak ook 'n tafel van akasiahout... En trek dit oor met suiwer goud... En op die tafel moet jy altyddeur toonbrood voor my aangesig neersit." Toonbrood is letterlik "die brood van die aangesig". Met ander woorde, dit is brode wat bedoel is om gesien te word en die volk se aandag op iets te vestig.

Die simboliek van die toonbrode word in die Bybel met verklarende aantekeninge soos volg verklaar: "Die brood is nie bedoel vir die spysiging van die godheid soos onder die heidene nie, maar is juis omgekeerd 'n herinnering daaraan dat Israel deur God gevoed word. Dit is ook 'n voortdurende dankoffer van die volk en erkenning dat hulle daagliks vir alle stoflike en geestelike gawes van die Here afhanklik is (vgl. Deut. 8:3). So wys dit heen na Christus, die brood van die lewe" (Joh.6:22-58).

## Demone

Die nagmaal is duidelik 'n offermaaltyd. Wanneer Paulus aan die Korinthiërs skryf in verband met die eet van afgodsoffers, gaan dit oor die gemeenskap met die altaar. Wie aan die offermaaltyd deelneem, word gebind aan die altaar en saamgebind in 'n godsdienstige eenheid. Paulus stel dan die nagmaal teenoor die offermaaltye van die heidene. Wie die nagmaal vier, het gemeenskap met die liggaam en bloed van Christus en wie aan die offermaaltye van die heidene deelneem, het gemeenskap met die demone. Daarom sê Paulus in 1 Kor 10:21: "Julle kan nie deel hê aan die tafel van die Here en ook aan die tafel van die demone nie.

## Die tafel en die tug

Een van die merktekens van die ware kerk is die suiwer toepassing van die tug. Prof. Du Toit maak ook op hierdie punt duidelik beswaar teen die Zwingliaanse metode van die nagmaalsviering wat ook nou weer in die Gereformeerde Kerke kop uitsteek. Hy sê in deel sewe van sy versamelde werke (p.35) hieroor die volgende: "'n Derde beswaar moet nou bespreek word, naamlik dat die toesig by die nagmaal by die Zwingliaanse metode nie, of altans uiters beswaarlik uitgeoefen kan word." Hy haal dan ook vir Kuiper aan waar hy sê: "Die kerkbesoek staan vir elkeen vry, ook by die viering van die nagmaal. Daar is dus geen sekerheid nie dat op die stoele of banke waar die toehoorders plaasneem, alleen gemeentelede sit wat tot die gebruik van die nagmaal toegelaat is en daar reg op het. As ons brood en beker van bank tot bank laat rondgaan, dan moet diegene wat daar sit, self beslis of hulle van die nagmaal gebruik sal maak. En so word die nagmaal tog weer 'n ope dis of tafel".

## Tug verwaarloos

Die gebruik om die nagmaal in die banke te bedien, weerspieël onder Gereformeerdes dat die tug 'n saak is wat al hoe meer verwaarloos word. In dié tyd van menseregte en verdraagsaamheid is die vraag of hierdie verdraagsaamheid nie neerkom op verdraagsaamheid teenoor die sonde nie. Moet die besluit om nagmaal te vier, dan op die eie verantwoordelikheid van elke lidmaat berus?

## Agan as voorbeeld

In die lig van wat gesê is oor die nagmaal as gemeenskapsmaaltyd, kan mens baie leer uit die geskiedensis van Agan (Jos 7). Agan het van die bangoed gesteel, sonder dat enigeiemand daarvan bewus was. Tog laat Agan se sonde die toorn van God oor die hele volk ontvlam, sodat hulle op die vlug voor die geringe weermag van die bewoners van Ai. Wanneer die Here dan vir die verslae Josua sê waarom dit gebeur, staan daar: "Israel het gesondig en het ook my verbond oortree wat Ek hulle opgelê het, en ook geneem van die bangoed en ook gesteel en dit selfs heimlik by hulle goed gevoeg... Ek sal nie meer met julle wees, tensy julle die ban onder julle uit verdelg nie".

## Afhou van tafel

God gee dan vir Josua opdrag om die volk te heilig. Die ban moet onder hulle uit verwyder word. Agan het gesondig en tog is die hele volk skuldig omdat hulle, al was dit onwetend, steeds vir Agan in die gemeenskap van die volk behou het. Dieselfde geld vir die nagmaal as gemeenskapsmaal. Die Here het vir sy diensknegte die sleutels van die koninkryk gegee om diegene wat hulle skuldig maak aan openbare growwe sondes, of hardnekkig in die sonde volhard, uit te sluit uit die gemeenskap en dan as teken daarvan af te hou van die nagmaal, totdat daar duidelike bewys van berou en bekering is. Hierdie handeling moet ook aan die sondaar verkondig word, dat as hy of sy hardnekkig in hierdie sondes bly volhard, hy of sy ook van die ewige feesmaal aan die tafel van die Here in sy koninkryk, uitgesluit sal wees.

## Toesig nie moontlik

Wanneer die nagmaal in die banke bedien word, is hierdie toesig oor die tafel van die Here nie moontlik nie, en daarmee verloor die tug ook sy betekenis. In hierdie verband se prof. Aalders (soos aangehaal deur Du Toit, 1961:235): "Daar word in 'n mens veel meer stoutmoedigheid of liewers vermetelheid vereis om bepaald op te staan van sy plek en hom na die nagmaalstafel te begewe, met die tog nooit heeltemal uitgeslote kans dat hy geweer sal word nie, as dat ons brood en beker eenvoudig uit die hand van die langs die rye gaande ouderling of die naas hom sittende aan te neem".

## Nie beroof

Daar is meer rykdom om suiwer Skriftuurlik te bly, al sou dit moeite wees, as om van die Skriftuurlike af te sien om die godsdiens vir ons so gemaklik as moontlik te maak. Laat ons versigtig wees om die kudde van die Here te beroof van die volle vreugde wat Hy vir hulle deur sy bloed verwerf het, en wat Hy deur die sakrament aan hulle wil bevestig.

* * * * *

## Boekresensie:

## God in the wasteland - the reality of truth in a world of fading dreams.

### D.F. Wells
### 1994. Inter-varsity Press, Leicester, Brittanje. R90. 270p

D.F. Wells is professor in sistematiese teologie by die Gordon-Conwell Teologiese skool in South-Hamilton. Hy is seker nie so 'n bekende skrywer in gereformeerde kringe nie. Hierdie boek het saam met sy vorige boek in 1989 (No place for truth; or what happened to evangelical theology?) die evangeliese kerke soos 'n bom getref. In beide boeke werk hy die tema uit dat die kerke stadig maar seker gekapituleer het voor die waardes en die strukture van die post-modernisme.

Post-modernisme het 'n mode-woord geword waarmee die huidige tydgewrig aangedui word; tog is talle mense nog onseker oor wat hierdie begrip behels en watter invloed dit op die kerke het. Hierdie boek bied 'n indringende analise van beide hierdie sake.

## Kerk besig met randsake

Die boek is in nege onderafdelings verdeel, en alhoewel dit in gemaklike Amerikaanse styl is, is dit geensins 'n deurblaai-boek nie. Sy verwysings en navorsing is op datum en deeglik en konklusies waartoe hy kom is, om die minste te sê, ontstellend. Hy oortuig dat die kerke die afgelope dekades al hoe meer verval het om met randsake besig te wees. 'n Voorbeeld is sy ontleding van die "church growth movement" waarin hy aantoon dat kapitalistiese idees soos sukses, vraag en aanbod en veral bemarking van die kerk daartoe aanleiding gegee het dat die kerke nie alleen oppervlakkig geword het nie, maar inderdaad van God vervreemd geraak het. Iemand wat poog om met nuwe kommunikasie-strategieë die evangelie aan die wêreld te wil "verkoop", sal goed doen om kennis te neem van die wortels van die siening en ook die uiteindelike gevolg daarvan.

## Waarheid te ver

Daar gaan baie stemme op wat die kerke wil verander, en talle probleme word uitgewys en oplossings aan die hand gedoen. Elke lidmaat wat erns met God se kerk het, moes al aanhoor watter nuwe tegnieke aangewend moet word om die kerk 'n bietjie aantrekliker te maak en op te warm. Wells wys binne hierdie debat die werklike probleme in die kerke uit, naamlik dat die waarheid ingeruil is vir middelmatigheid. Uit 'n aanhaling blyk dit duidelik: "Die fundamentele probleem in die evangeliese wêreld vandag is nie onvoldoende tegniek, ontoereikende organisasie of verouderde musiek nie. En diegene wat met pleistertjies hierdie skrapies wil toemaak, vermors net die kerk se gawes en sal niks doen om die bloed te keer wat uit die ware wonde vloei nie. 'The fundamental problem in the evangelical world today is that God rests too inconsequentially upon the church. His truth is too distant, his grace is too ordinary, his judgment is too benign, his gospel is too easy, and his Christ is too common". (p 30).

Die kerk het sy bewondering vir die soewereiniteit en heiligheid van God verloor. God word nie meer erken as die een wat sy kerk se lewe geheel en al bepaal nie. Die kerk het verwêrelds en 'n geloof in God voortgebring wat weinig of geen gevolge vir hulle alledaagse lewe het.

## Grondfout

Om hieruit te reformeer moet 'n mens nie begin by die kerk en die kerk se foute nie, maar mens moet weer by God begin. Hierdie boek is nie strelend op die oor nie. Dit sê dinge reguit en eerlik - die kerk moet die waarheid weer leer ken en liefkry. Dit gee egter nuwe hoop vir Christene wat in 'n heidense omgewing leef. Hy wys ook uit wat gedoen moet word sodat die kerk anders lyk as die post-moderne kultuur en nie net 'n eggo daarvan is nie. Soos hy dit stel: "I want a church that is bold to be different and unafraid to be faithful, a church that is interested in something better than using slick marketing techniques to swell the numbers of warm bodies occupying sanctuaries, a church that reflects an integral and undiminished confidence in the power of God's Word, a church that can find in the midst of our present cultural breakdown the opportunity to be God's people in a world that has abandoned God." Vir enigiemand wat beleërd voel oor die probleme in die kerke, is hierdie boek 'n moet.

* * * * *

## Grondslae

*van*

## Die Gereformeerde Persvereniging Veritas

★ *Die vereniging stel as noodsaak die terugkeer na die Woord van God, as gevolg van die algemene verval en die afwyking vanaf God se Woord, op al die verskillende lewensterreine.*

★ *Die grondslag van die vereniging is die Woord van God, die Bybel, soos vertolk deur die gereformeerde belydenisse, onder andere die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls.*

★ *Die doel van die vereniging is om hoofsaaklik deur die geskrewe woord die volle waarheid van God se Woord uit te dra.*

# WAARHEID EN DWALING

Maandblad van die Gereformeerde Persvereniging Veritas

Prof./Dr./Ds./Mnr./Mev./Mej. ..................................................

Adres:..................................................

..................................................

..................................................

Poskode:..................

Intekengeld: R36,00 Per Jaar (Voorlopig)

Vrywillige Donasie:..................................................

Datum:.............................Handtekening:.............................

Stuur u inskrwyingsvorm aan:

Die Redaksie/Administrasie
P/a A.L.A. Buys
Waarheid en Dwaling
Posbus 525
Piet Retief
2380

Of skakel: P.S. Steenkamp: 01782 - 2496 N/u

GEDRUK DEUR PIET RETIEF DRUKKERS

UITGEGEE DEUR: GEREFORMEERDE PERSVERENIGING VERITAS